HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

JUNIE 2014

EKSAMEN

GRAAD 10

PUNTE : 100

TYD : 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A : | Opstel | (50) |
| AFDELING B : | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C : | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute
   AFDELING B : 40 minute
   AFDELING C : 30 minute

7. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

9. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

10. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Vul jou buiteblad volledig in.

***STERKTE!!!***


**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 – 200 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.

1.1 **Ek droom ...**

Watter drome het jy vir jou lewe? Vertel.



[50]

**OF**

1.2



**SPORT: DIT GEE MY BALANS**

Is hierdie woorde waar in jou lewe? Hoe kan sport 'n balans aan jou lewe gee? Vertel.

[50]

1.6.2



[50]

**OF**

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A : 50 PUNTE**

## AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan die skryfstuk neer.
- Onthou om eers te beplan en 'n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde onderaan.

2.1 **<u>Vriendskaplike brief</u>**

Jou skoolhoof het besluit dat elke kind in die skool aan ten minste twee sportsoorte of kulturele aktiwiteite moet deelneem. Dit is verpligtend (compulsory) en dié wat dit nie doen nie, sal gestraf word. Skryf nou aan 'n maat in 'n ander skool en vertel hom/haar hoe jy oor die nuwe reël voel. Vind ook uit wat hulle in daardie skool doen.



[30]

**OF**

2.2 **<u>Toespraak</u>**

Die graad 10 top studente is gevra om 'n motiveringspraatjie te doen om die res van die graad te motiveer voor die eksamens. Skryf nou 'n toespraak waarin jy vir jou mede graad 10's vertel wat jy doen om goed voorbereid te wees vir die eksamen, hoe om georganiseerd te wees, wat goeie studiemetodes is en hoe om die vrees vir eksamens te laat verdwyn.




[30]

**OF**

2.3 **Dagboekinskrywing**

Vandag het een van jou maats iets gedoen wat jou baie ontstel (upset) het. Skryf nou in jou dagboek oor die insident en oor hoe dit jou laat voel het. Noem ook wat jy oor die situasie gaan doen.




[30]

**TOTAAL VIR AFDELING B : 30 PUNTE**


**AFDELING C : KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp bo-aan.
- Onthou om te beplan en 'n eerste poging te wys.

3.1 **E-pos**

Jy en jou ouers gaan die Junie vakansie op 'n wonderlike reis (trip). Jou ouers het gesê jy mag 'n maat saamneem. Stuur nou 'n e-pos aan jou maat en nooi hom/haar saam op die reis. Vertel jou maat van al julle planne: waar julle heen gaan, wat daar is om te doen, hoe julle daar gaan kom en wanneer julle terug gaan kom.




Gebruik die voorbeeld hierbo om jou e-pos in jou **antwoord boekie** te skryf.


[20]

**OF**

## 3.2 Dialoog

'n Maat van jou was in 'n ongeluk. Jy besoek hom/haar in die hospitaal. Praat oor die ongeluk en wat hy/sy daarvan kan onthou: hoe dit gebeur het, waar die ongeluk plaasgevind het, watter beserings hy/sy het en wanneer hy/sy mag huis toe gaan.

Onthou die formaat van die dialoog.



[20]

**OF**

## 3.3 Wenke



Jy is die tipe persoon wat hard werk om te kry wat jy wil hê. As jy baie graag 'n item wil koop, sal jy geld spaar totdat jy dit kan koop. Gee nou 8 wenke aan jou maats oor hoe om geld te spaar.

[20]

**TOTAAL VIR AFDELING C : 20 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 100 PUNTE**